Die volgende doseringsaanbevelings is van toepassing met metformienhidrochloried en vildagliptien, wanneer apart gebruik word of in

kombinasie, in pasiënte met nierinkorting. Indien geen voldoende sterkte van **VILDAMET** beskikbaar is, behoort individuele komponente gebruik te word in plaas van die vaste dosis kombinasie.

Doseringsaanpassings by pasiënte met nierinkorting

GFR ml/min	**Metformienhidrochloried**	**Vildagliptien**
60 - 89	Maksimum daaglikse dosis is 3000 mg*. Doseringsafname kan oorweeg word indien nierfunksie afneem.	Maksimale daaglikse dosis is 100 mg.
45 - 59	Aanvangsdosering behoort nie meer te wees as 1000 mg met ‘n maksimum daaglikse dosis van 2000 mg*.	Maksimale daaglikse dosis is 50 mg.
30 - 44	Aanvangsdosering behoort nie meer te wees as 500 mg met ‘n maksimum daaglikse dosis van 1000 mg.	
< 30	Metformienhidrochloried is teenaangedui.	

*Indien metformienhidrochloried doserings hoër is as dié wat bereik word met **VILDAMET** alleen oorweeg word om nodig te wees.

Pasiënte met lewerinkorting:

VILDAMET word nie aanbeveel by pasiënte met kliniese of laboratorium bewys van lewerinkorting nie, insluitend pasiënte met 'n voor-behandeling ALT van aanbevole ALT of AST > 2, 5 x die BLN (sien afdeling 4.4).

Bejaardes:

Omdat metformienhidrochloried deur die niere uitgeskei word en bejaarde pasiënte neig om verminderde nierfunksie te wys, behoort bejaarde pasiënte wat metformienhidrochloried-bevattende produkte (soos **VILDAMET**) neem, hulle nierfunksie gereëld te laat monitor. Die dosering van **VILDAMET** vir bejaarde pasiënte behoort aangepas te word gebaseer op nierfunksie (sien afdeling 4.3 "Niersiekte" en afdeling 4.4 "Monitering van nierfunksie").

Pediatriese pasiënte:

Veiligheid en effektiwiteit van **VILDAMET** in pediatriese pasiënte is nog nie vasgestel nie. Dus word **VILDAMET** nie aanbeveel vir gebruik in kinders onder 18 jaar oud nie.

Metode van toediening

Orale toediening.

VILDAMET behoort toegedien te word met maaltye om die gastroïntestinale newe-effekte geassosieer met metformienhidrochloried te verminder.

4.3 Kontra-indisasies

Hipersensitiwiteit:

VILDAMET is teenaangedui in pasiënte met bekende hipersensitiwiteit vir vildagliptien of metformienhidrochloried of vir enige van die eksipiënte van **VILDAMET** soos aangedui in afdeling 6.1.

Niersiekte:

VILDAMET is teenaangedui in pasiënte met:

- Ernstige nierinkorting (GFR < 30 ml/min) (sien afdelings 4.2 en 4.4).
- Akute toestande met die potensiaal om nierfunksie te verander, soos:

  - dehidrasie,

  - ernstige infeksie,

  - skok,

  - intravaskulêre toediening van gejodeerde kontrasmiddels (sien afdeling 4.4).

Pasiënte met lewerinkorting:

VILDAMET is teenaangedui in pasiënte met lewerinkorting, insluitend pasiënte met voorbehandeling van ALT of AST > 2,5 x die boonste limiet van normaal (sien afdeling 4.4).

Kongestiewe hartversaking:

VILDAMET is teenaangedui in pasiënte met kongestiewe hartversaking wat farmakologiese behandeling vereis (sien afdeling 4.4).

Metaboliese asidose:

VILDAMET is teenaangedui in pasiënte met akute of chroniese metaboliese asidose, insluitend laktiese asidose of diabetiese keto-asidose, met of sonder koma. Diabetiese keto-asidose behoort met insulien behandel te word.

VILDAMET is teenaangedui in akute alkohol intoksikasie, alkoholisme sowel as in akute of chroniese siekte wat weefsel-hipoksie kan veroorsaak soos:

- kardiale of respiratoriese versaking,

- onlangse miokardiale infarkt,

- skok.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

VILDAMET is nie ‘n substituut vir insulien in pasiënte wat insulien benodig nie.

VILDAMET behoort nie gebruik te word in pasiënte met tipe 1 diabetes of vir die behandeling van diabetiese keto-asidose nie.

Indien metaboliese asidose vermoed word, behoort behandeling met **VILDAMET** gestaak te word en die pasiënt moet onmiddellik gehospitaliseer word (sien afdeling 4.9).

VILDAMET behoort gestaak te word indien bewys van nierinkorting teenwoordig is.

Alkohol inname

Alkohol is bekend om die effekte van metformienhidrochloried te potensieer op laktaat metabolisme. Pasiënte behoort gewaarsku te word teen oormatige alkohol

inname terwyl hulle metformienhidrochloried-bevattende produkte ontvang (soos **VILDAMET**).

Alkohol intoksikasie word geassosieer met ‘n verhoogde risiko van laktiese asidose, veral in gevalle van vas, wanvoeding of hepatiese inkorting.

Toediening van intravaskulêre gejodeerde kontras middels

VILDAMET moet tydelik gestaak word in pasiënte wat radiologiese studies ondergaan met betrokkenheid tot intravaskulêre toediening van gejodeerde kontras middels, omdat gebruik van sulke produkte akute verandering van nierfunksie tot gevolg kan hê en toename in die risiko van laktiese asidose. In pasiënte wat sulke studies ondergaan, moet **VILDAMET** tydelik gestaak word tydens of voor die prosedure, terug gehou word vir 48 uur na die prosedure en heringestel word slegs nadat nierfunksie weer ge-evalueer was en gevind word om normaal te wees.

Hepatiese inkorting

Vildagliptien word nie aanbeveel in pasiënte met hepatiese inkorting nie, insluited pasiënte met voor behandeling ALT of AST 3 x die BLN (sien afdeling 4.3).

Lewerensiem monitering

Gevalle van hepatiese disfunksie (insluitend hepatitis) was gerapporteer met vildagliptien. In hierdie gevalle was die pasiënte gewoonlik asimptomaties sonder

kliniese gevolge en lewerfunksie toetse (LFT) het teruggekeer na normaal nadat behandeling gestaak is. LFT moet gedoen word voor die begin van behandeling met **VILDAMET**. LFT behoort gemonitor te word gedurende **VILDAMET** behandeling by drie-maandelikse intervalle gedurende die eerste jaar en periodiek daarna. Pasiënte wie verhoogde transaminase vlakke ontwikkel behoort gemonitor te word met ‘n tweede lewerfunksie evaluasie om die bevinding te bevestig en daarna opgevolg word met dikwelse lewerfunksie toetse totdat die abnormaliteit(e) terugkeer na normaal. Indien ‘n verhoging AST of ALTvan 3 x BLN of groter voortduur, word onttrekking van terapie met **VILDAMET** aanbeveel. Pasiënte wat geelsug ontwikkel of ander tekens suggestief van lewerdisfunksie moet **VILDAMET** staak en hulle mediese praktisyn onmiddellik kontak. Na onttrekking van behandeling met **VILDAMET** en LFT normalisering, moet **VILDAMET** nie weer begin word nie.

Akute Pankreatitis

Gebruik van vildagliptien was geassosieer met ‘n risiko vir ontwikkeling van akute pankreatitis. Pasiënte moet ingelig word omtrent die kenmerkende simptome van akute pankreatitis.

Indien pankreatitis vermoed word, behoort vildagliptien onttrek te word; indien akute pankreatitis bevestig word, moet daar nie weer met vildagliptien begin word nie. Versigtigheid is nodig in pasiënte met ‘n geskiedenis van akute pankreatitis.

Hartversaking

‘n Kliniese studie van vildagliptien in pasiënte met New York Heart Association (NYHA) funksionele klas I-III het gewys dat behandeling met vildagliptien nie gassosieer was met ‘n verandering in linker-ventrikulêre funksie of agteruitgang van voorafbestaande kongestiewe hartversaking (KHV) versus plasebo nie. Kliniese

ondervinding in pasiënte met NYHA funksionele klas III wat behandel was met vildagliptien is nog beperk en resultate nie oortuigend was nie.

Daar is geen ondervinding met die gebruik van vildagliptien in kliniese studies in pasiënte met NYHA funksionele klas IV nie en dus word gebruik nie aanbeveel in hierdie pasiënte nie.

Vildagliptien soos bevat in **VILDAMET** kan artralgie veroorsaak wat ernstig kan wees.

Ernstige kutaneuse ongunstige reaksies

Ernstige kutaneuse ongunstige reaksies (EKOR) soos toksiese epidermale nekrolise (TEN), Steven-Johnson se sindroom, erythema multiforme, akute algemene eksantemateuse pustulose, eritroderma (algemene eksfoliatiewe dermatitis) en pemfigoïed is gerapporteer in pasiënte wat behandel was met DPP-4 inhibeerders, insluitend **VILDAMET**. EKOR word beskou as ‘n klas effek van DPP-4 inhibeerders, soos **VILDAMET**. Indien ‘n pasiënt EKOR ontwikkel, moet behandeling met DPP-4 inhibeerders, soos **VILDAMET,** onmiddellik gestaak word en toepaslike behandeling ingestel word. Pasiënte moet voortgaan met ‘n alternatiewe klas van anti-diabetiese medisynes.

Rabdomiolise

Rabdomiolise is gerapporteer gedurende gebruik van DPP-4 inhibeerder bevattende produkte, soos **VILDAMET**. Oorsaaklikheid kon egter nie vasgestel word nie weens verwarde faktore, soos meegaande gebruik van medisynes (statiene, kolsigiene, ens.) of ko-morbiditeit toestande (nierversaking, hipovolemie, ens.), wat bekend is vir ontwikkeling of vatbaarheid vir die ontwikkeling van rabdomiolise. Noukeurige monitering van pasiënte met gebruik van DPP-4 inhibeerder-bevattende medisynes in teenwoordigheid van vatbare risiko faktore word aanbeveel.

Metformienhidrochloried

Laktiese Asidose

Laktiese asidose is ‘n ernstige metaboliese komplikasie wat meestal voorkom by akute agteruitgang van nierfunksie of kardiorespiratoriese siekte of sepsis. Metformienhidrochloried akkumulasie kom voor by akute agteruitgang van nierfunksie en verhoog die risiko van laktiese asidose.

Ingeval van dehidrasie (bv. ernstige diarree of braking, koors of verminderde vloeistof inname), moet die pasiënt die gebruik van metformienhidrochloried bevattende produkte staak (soos in **VILDAMET**) en mediese sorg moet verkry word.

Medisyne produkte wat nierfunksie akuut kan belemmer (soos antihipertensiewe, diuretiese en NSAIMs), moet versigtig begin word by metformienhidrochloried-

behandelde pasiënte (soos **VILDAMET**). Ander risiko faktore vir laktiese asidose is uitermatige alkohol-inname, hepatiese ontoereikendheid, onvoldoende gekontrolleerde diabetes, ketose, verlengde vas en enige toestande geassosieer met hipoksie, sowel as meegaande gebruik van medisyne produkte wat laktiese asidose kan veroorsaak (sien afdelings 4.3 en 4.5).

Diagnose van laktiese asidose

Pasiënte en/of versorgers moet ingelig word omtrent die risiko van laktiese asidose. Laktiese asidose word gekenmerk deur asidotiese dispnee, abdominale pyn, spierkrampe, astenie en hipotermie, gevolg deur koma. Diagnostiese laboratorium bevindings is afname in bloed pH (< 7,35), verhoogde plasma-laktaatvlakke > 5 mmol/L en ‘n verhoogde anion gap en laktaat/piruvaat ratio. Indien metaboliese asidose vermoed word, moet behandeling met metformienhidrochloried-bevattende produkte (soos **VILDAMET**) gestaak en die pasiënt moet onmiddellik gehospitaliseer word.

Monitering van nierfunksie

GFR moet bepaal word voor begin van behandeling en gereëld daarna (sien afdeling 4.2). Metformienhidrochloried-bevattende produkte (soos **VILDAMET**) word teenaangedui by pasiënte met GFR < 30 ml/min en moet tydelik gestaak word in die teenwoordigheid van toestande wat nierfunksie verander (sien afdeling 4.3).

Metformienhidrochloried word substanseel uitgeskei deur die niere en die risiko van metformienhidrochloried akkumulasie en laktiese asidose neem toe met die graad van nierfunksie inkorting.

Omdat gevorderde ouderdom geassosieer word met verminderde nierfunksie, behoort metformienhidrochloried-bevattende produkte (soos **VILDAMET**) versigtig getitreer te word in bejaardes om vas te stel wat die minimum dosis is vir voldoende glisemiese effek en die nierfunksie moet gereëld gemonitor word (sien afdeling 4.2).

Meegaande medikasies wat nierfunksie van metformienhidrochloried disposisie kan beïnvloed

Meegaande medikasies wat nierfunksie kan beïnvloed, het tot gevolg beduidende hemodinamiese verandering of inmenging met die disposisie van metformienhidrochloried, soos kationiese medisynes wat uitgeskei word deur renale tubulêre sekresie wat versigtig gebruik moet word (sien afdeling 4.5).

Hipoksiese staat

Kardiovaskulêre kollaps (skok), akute kongestiewe hartversaking, akute miokardiale infarkt en ander toestande gekenmerk deur hipoksemie word geassosieer met laktiese asidose en kan ook prerenale uremie veroorsaak. Indien sulke voorvalle voorkom in pasiënte wat **VILDAMET**-terapie ontvang, moet die medikasie dadelik onttrek word.

Sjirurgiese prosedures

Gebruik van **VILDAMET** moet tydelik gestaak word vir enige sjirurgiese prosedure (behalwe klein prosedures wat nie geassosieer word met beperkte inname van voedsel en vloeistowwe nie) en moet nie weer begin word nie totdat die pasiënt se orale inname weer begin en nierfunksie ge-evalueer word as normaal.

Ingekorte lewerfunksie

Sedert ingekorte lewerfunksie geassosieer was met sommige gevalle van laktiese asidose, ‘n risiko geassosieer met metformienhidrochloried, behoort metformienhidrochloried-bevattende produkte (soos **VILDAMET**) gewoonlik vermy te word in pasiënte met kliniese of laboratorium bewysvan lewersiekte.

Vitamien B12-vlakke

Die metformienhidrochloried komponent van **VILDAMET** was geassosieer met ‘n afname in serum vitamien B12 vlakke sonder kliniese manifestasies, in ongeveer 7 % van pasiënte. Sulke afnames word geassosieer met anemie en blyk om vinnig omkeerbaar te wees met onttrekking van metformienhidrochloried en/of vitamien B12 aanvulling.

Meet van hematologiese parameters ten minste op ‘n jaarlikse basis word aanbeveel vir pasiënte wat metformienhidrochloried-bevattende produkte ontvang (soos **VILDAMET**) en enige klaarblyklike abnormaliteite moet toepaslik ondersoek en gehanteer word. Sekere individue (bv. dié met onvoldoende vitamien B12 of kalsium inname of absorpsie) blyk om geneig te wees tot ontwikkeling van subnormale

vitamien B12-vlakke. In hierdie pasiënte kan roetiene serum-vitamien B12 metings minstens met twee-to-drie-jaar intervalle nuttig wees.

Verandering in kliniese status van pasiënte met vorige gekontrolleerde tipe 2 diabetes

‘n Pasiënt met tipe 2 diabetes wat voorheen goed gekontroleer was op **VILDAMET** wat laboratorium abnormaliteite ontwikkel of kliniese siekte (veral vaag en swak gedefinieerde siekte) moet vinnig ge-evalueer word vir keto-asidose en/of laktiese asidose. Indien asidose, in enige vorm, voorkom moet **VILDAMET** onmiddellik gestaak en toepaslike maatreëls ingestel word.

Hipoglisemie

Hipoglisemie kom nie voor in pasiënte wat **VILDAMET** alleen ontvang nie, maar kan voorkom wanneer kaloriese inname ontoereikendheid is, wanneer uitputtende oefening nie gekompenseer word deur kaloriese aanvulling nie, of etanol gebruik. Bejaardes, verswakte of ondervoede pasiënte en dié met adrenale of pituitêre ontoereikendheid of alkohol intoksikasie is gevoelig tot hipoglisemiese effekte. Hipoglisemie kan moeilik wees om te identifiseer in bejaardes en in persone wat beta-adrenergiese blokker medisynes neem.

Hipoglisemie kan voorkom wanneer **VILDAMET** gebruik word as ‘n toevoeg-terapie tot ander anti-diabetiese medisynes.

Verlies van kontrole van bloedglukose

Wanneer ‘n pasiënt gestabiliseer op enige diabetiese regimen blootgestel word aan stres soos koors, trouma, infeksie, sjirurgie ens., mag ‘n tydelike verlies van glisemiese kontrole voorkom. By sulke tye mag dit nodig wees om **VILDAMET** te onttrek en tydelike insulien toe te dien. **VILDAMET** kan heringestel word na die akute episode opgeklaar het.

4.5 Interaksie met ander medisynes en ander vorms van interaksie

VILDAMET

Geen klinies beduidende farmakokinetiese interaksie was waargeneem wanneer vildagliptien (100 mg een keer per dag) saam toegedien was met metformienhidrochloried nie (1 000 mg een keer per dag). Medisyne interaksies vir elke komponent van **VILDAMET** was ekstensief bestudeer. Nogtans het die meegaande gebruik van die aktiewe substanse in pasiënte in kliniese studies en met wydverspreide kliniese gebruik nie enige onverwagte interaksies tot gevolg gehad nie.

Die volgende verklarings reflekteer die inligting beskikbaar op die individuele aktiewe substanse (vildagliptien en metformienhidrochloried).

Vildagliptien

Vildagliptien, soos bevat in **VILDAMET**, het ‘n lae potensiaal vir medisyne interaksies. Sedert vildagliptien nie ‘n sitochroom P (CYP) 450 ensiem substraat is nie, en ook nie CYP450 ensieme inhibeer of induseer nie, is dit onwaarskynlik om ‘n

wisselwerking te hê met meegaande medisynes wat substrate is, inhibeerders of induseerders van hierdie ensieme.

Verder beïnvloed vildagliptien nie metaboliese opruiming van meegaande medisynes gemetaboliseer deur CYP 1A2, CYP 2C8, CYP 2C9, CYP 2C19, CYP 2D6, CYP 2E1 en CYP 3A4/5 nie. Medisyne-medisyne interaksie studies was gedoen met algemeen voorgeskrewe medikasies vir pasiënte met tipe 2 diabetes of medikasies met ‘n nou terapeutiese venster. As gevolg van hierdie studies was geen klinies relevante interaksies met ander orale antidiabetiese middels (glibenklamied, pioglitasoon en metformienhidrochloried), amlodipien, digoksien, ramipril, simvastatien, valsartan of warfarin waargeneem na meegaande toediening met vildagliptien nie.

Kombinasie met AOE-inhibeerders

Daar kan ‘n toenemende risiko van angio-edeem wees in pasiënte wat ook AOE-inhibeerders neem (sien afdeling 4.8).

Die hipoglisemiese effek van vildagliptien kan verminder word deur sekere aktiewe substanse, insluitend tiasiede, kortikosteroïede, tiroïed produkte en simpatomimetiese middels.

Metformienhidrochloried

Die volgende is bekend omtrent metformienhidrochloried:

Furosemied - Furosemied verhoog Cmaks en bloed AOK van metformienhidrochloried met geen verandering in renale opruiming van

metformienhidrochloried. Metformienhidrochloried verminder Cmaks bloed AOK van furosemied met geen verandering in renale opruiming van furosemied.

Nifedipien - Nifedipien het absorpsie verhoog, Cmaks en AOK van metformienhidrochloried en verhoogde ekskresie van metformienhidrochloried in uriene. Metformienhidrochloried het minimale effekte op nifedipien.

Gliburied - Gliburied het geen veranderinge in metformienhidrochloried PK/PD parameters gehad nie. Afnames in Cmaks bloed AOK van gliburied was waargeneem, maar was hoogs veranderlik. Dus is die kliniese betekenis van hierdie bevinding nie duidelik nie.

Kationiese medisynes - Kationiese medisynes (bv. amiloried, digoksien, morfien, prokaïenamied, kinidien, kinien, ranitidien, triamtereen, trimetoprim, of vankomisien) wat uitgeskei word deur renale tubulêre sekresie het teoreties die potensiaal vir interaksie met metformienhidrochloried, deur te kompeteer vir algemene renale tubulêre transport-sisteme. Dus het simetidien verhoog in metformien plasma/bloed-konsentrasie en AOK was waargeneem om 60 % en 40 % respektiewelik te wees. Metformienhidrochloried het geen effek op simetidien PK nie. Alhoewel sulke interaksies teoreties is (behalwe vir simetidien), word noukeurige monitering van pasiënte en dosrings van metformienhidrochloried-bevattende medisynes (soos **VILDAMET**) en sulke medikasies aanbeveel.

Ander - Sommige medisynes kan renale funksie ongunstig beïnvloed met die risiko van laktiese asidose, bv. NSAIMs, insluitend selektiewe siklo-oksigenase (COX) II

inhibeerders, AOE-inhibeerders, angiotensien II reseptor antagoniste en diuretika, veral lus diuretika. Wanneer daar met sulke medisynes begin word of gebruik van sulke medisynes in kombinasie met metformienhidrochloried-bevattende produkte (soos **VILDAMET**), is noukeurige monitering van nierfunksie nodig. Sekere medisynes neig om hiperglisemie te veroorsaak en kan tot gevolg hê in verlies van glisemiese kontrole. Hierdie medisynes sluit in die tiasiede en ander diuretiese middels, kortikosteroïede, fenotiasiene, tiroïed produkte, estrogene, orale kontraseptiewe middels, fenitoïen, nikotiensuur, simpatomimetika, kalsiumkanaal-blokker medisynes en isoniasied. Noukeurige monitering van glisemiese kontrole en metformienhidrochloried doseringsaanpassings word aanbeveel wanneer sulke medisynes toegedien of onttrek word by hierdie pasiënte.

Daar is ‘n verhoogde risiko van laktiese asidose in akute alkohol intoksikasie (veral in die geval van vas, wanvoeding of hepatiese inkorting) weens metformienhidrochloried. Vermy die inname van alkohol en medisinale produkte wat alkohol bevat (sien afdeling 4.4).

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie

Swangerskap

Veiligheid in swangerskap is nog nie vasgestel nie. **VILDAMET** moet nie gebruik word gedurende swangerskap nie.

Laktasie

Veiligheid in laktasie is nog nie vasgestel nie. **VILDAMET** moet nie toegedien word wanneer vrouens borsvoed nie.

Fertiliteit

Geen studies van die effek op menslike fertiliteit is gedoen of vasgestel nie.

4.7 Effekte op vermoë om te bestuur en gebruik van masjinerie

VILDAMET kan duiseligheid veroorsaak. Pasiënte wat duiseligheid ondervind moet vermy om ‘n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik.

4.8 Ongewenste effekte

Opsomming van die veiligheidsprofiel

Veiligheidsinligting was verkry van pasiënte wat blootgestel was aan vildagliptien/metformienhidrochloried in ‘n ewekansige plasebo-gekontrolleerde studie.
Vildagliptien gebruik word geassosieer met die risiko vir ontwikkeling van pankreatitis. Laktiese asidose was gerapporteer na die gebruik van metformienhidrochloried, veral in pasiënte met onderliggende renale inkorting (sien afdeling 4.4).

Getabuleerde lys van ongunstige reaksies

Ongunstige reaksies gerapporteer in pasiënte wat vildagliptien ontvang het in dubbel-blinde kliniese studies as monoterapie en toevoeg terapieë word hieronder aangedui deur sisteem orgaan klas en absolute frekwensie. Binne elke frekwensie groepering word ongunstige reaksies aangedui volgens afname van ergheid.

Tabel 1 Ongunstige reaksies gerapporteer in pasiënte wat vildagliptien en metformienhidrochloried ontvang het (as mono-komponente of as vaste dosis kombinasie), of in kombinasie met ander anti-diabetiese behandelings, in kliniese studies en in na-bemarking ondervinding.

Sisteem Orgaan Klas	**Frekwensie**	**Newe-effekte**
Infeksies & Infestasies	*Dikwels*	Boonste lugweg-infeksie, nasofaringitis
Metabolisme en voedings-afwykings	*Minder Dikwels*	Hipoglisemie, verlies van aptyt, afname van vitamien B_{12} absorpsie en laktiese asidose*
Senuweestelsel-afwykings	*Dikwels*	Duiseligheid, hoofpyn, tremor
	Minder Dikwels	Metaal smaak
Gastroïntestinale afwykings	*Dikwels*	Braking, diarree, naarheid, gastro-esofageale refluks siekte, winderigheid, hardlywigheid, abdominale pyn insluitend aan bokant

	Minder Dikwels	Pankreatitis
Hepatobiliêre afwykings	*Minder Dikwels*	Hepatitis
Vel- en subkutaneuse weefsel-afwykings	*Dikwels*	Hiperhidrose, pruritis, uitslag, dermatitis~~,~~
	Minder Dikwels	Eriteem en urtikarie
	Frekwensie onbekend	Eksfoliatiewe en bulleuse vel-letsels, insluitend bulleuse pemfigoïed[$]
Muskuloskeletale en bindweefsel-afwykings	*Dikwels*	Artralgie
	Minder Dikwels	Mialgie
Algemene afwykings en toedieningsitus toestande	*Dikwels*	Astenie

	Minder *Dikwels*	Uitputting, koue, edeem perifêre
Ondersoeke	*Minder* *Dikwels*	Abnormale lewer- funksie toetse

*Ongunstige reaksies gerapporteer in pasiënte wat metformienhidrochloried ontvang het as monoterapie en wat nie waargeneem was in pasiënte wat vildagliptien + metformienhidrochloried vaste dosis kombinasie ontvang het nie. Verwys na die professionele inligting vir metformienhidrochloried vir addisionele inligting.

$Gebaseer op na-bemarking ondervinding.

Beskrywing van geselekteerde ongunstige reaksies

Vildagliptien

Hepatiese inkorting

Gevalle van hepatiese disfunksie (insluitend hepatitis) was gerapporteer met vildagliptien. Volgens data met gekontrolleerde monoterapie en toevoeg-terapie studies van tot 24 weke lank, was die insidensie van ALT of AST verhogings ≥ 3x BLN (geklassifiseer as teenwoordig op ten minste 2 opeenvolgende metings of tydens die finale op-behandeling besoek) 0.2%, 0.3% en 0.2% vir vildagliptien 50 mg een keer per dag, vildagliptien 50 mg twee keer per dag en alle vergelykings, respektiewelik. Hierdie verhoging in transaminase was gewoonlik asimptomaties, nie-progressief van aard en nie geassosieer met cholestase of geelsug nie.

Angio-edeem

Gevalle van angio-edeem was gerapporteer met vildagliptien teen ‘n soortgelyke tempo as kontrole. ‘n Groter deel van gevalle was gerapporteer wanneer vildagliptien

toegedien was in kombinasie met ‘n AOE-inhibeerder. Die meeste gevalle was lig en het opgeklaar met voortdurende vildagliptien behandeling.

Hipoglisemie

Hipoglisemie was minder dikwels wanneer vildagliptien (0.4%) gebruik was as monoterapie in vergelykende gekontrolleerde monoterapie studies met ‘n aktiewe vergelyker of plasebo (0.2%). Geen uiterste of ernstige voorvalle van hipoglisemie was gerapporteer nie.

Rabdomiolise

Ernstige kutaneuse ongunstige reaksies (EKOR) soos toksiese epidermale nekrolise (TEN), Steven-Johnson se sindroom, erythema multiforme, akute algemene eksateem pustulose, eritroderma (algemene eksfoliatiewe dermatitis) en pemfigoïed was gerapporteer by pasiënte wat behandel was met DPP - 4 inhibeerders, insluitend **VILDAMET**.

Metformienhidrochloried:

Afname van vitamin B12 absorpsie

‘n Afname in vitamien B12 absorpsie met afname in serumvlakke was waargeneem in pasiënte wat behandel was met metformienhidrochloried oor ‘n lang tydperk. Oorweging van sulke etiologie word aanbeveel indien die pasiënt presenteer met megaloblastiese anemie.

Lewerfunksie

Geïsoleerde gevalle van lewerfunksie toets abnormaliteite of hepatitis wat opgeklaar het met metformienhidrochloried onttrekking is gerapporteer.

Gastroïntestinale afwykings

Gastroïntestinale ongunstige reaksies kom meer dikwels voor gedurende begin van terapie en het spontaan opgeklaar in die meeste gevalle.

Ernstige kutaneuse ongunstige (EKOR) soos toksiese epidermale nekrolise (TEN), Steven-Johnson se sindroom, veelvuldige eriteem, akute algemene eksateem pustulose, eritroderma (algemene eksfoliatiewe dermatitis) en pemfigoïed was gerapporteer in pasiënte wat behandel was met DPP- 4 inhibeerders, insluitend **VILDAMET**.

Rapporteer van vermoedelike ongunstige reaksies

Rapporteer van vermoedelike ongunstige reaksies na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit laat toe vir volgehoue monitering van die voordeel/risiko balans van die medisyne. Gesondheidsorgvoorsieners word versoek om enige vermoedelike ongunstige reaksies te rapporteer aan SAHPRA via die "**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**", wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering

Tekens en simptome

Vildagliptien

Verslae sluit in spierpyn, parestesie, koors en edeem. Toenames in lipase vlakke (2 x BLN), kreatien fosfokinase (KFK) vlakke, aspartaat aminotransferase (AST), C-reaktiewe proteïen en mioglobien kan voorkom. Vildagliptien is nie dialiseerbaar nie, alhoewel die major hidrolise metaboliet (LAY151) verwyder kan word deur hemodialise.

Metformienhidrochloried

Hipoglisemie kan ontwikkel en moet gemonitor word. Laktiese asidose is gerapporteer in metformienhidrochloried oordosis gevalle. Metformienhidrochloried is dialiseerbaar met ‘n opruiming van tot 170 mL/min onder goeie hemodinamiese toestande. Dus kan hemodialise nuttig wees vir verwydering van opgehoopte medisyne van pasiënte in wie metformienhidrochloried oordosering vermoed word. Ingeval van oordosering moet toepaslike ondersteunende behandeling ingestel word volgens die pasiënt se kliniese tekens en simptome.

5. Farmakologiese eienskappe

Farmakologiese Klassifikasie: A 21.2. Orale hipoglisemiese middels

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

Farmakoterapeutiese groep: Middels wat gebruik word in diabetes, kombinasies van orale bloedglukose verlagende medisynes, ATC kode: A10BD08

VILDAMET

VILDAMET kombineer twee antihiperglisemiese medisynes met verskillende meganismes van werking om glisemiese kontrole te verbeter in pasiënte met tipe 2 diabetes: vildagliptien, ‘n lid van die DPP-4 (dipeptidiel-peptidase-4) inhibeerder klas and metformienhidrochloried, ‘n lid van die biguanied klas.

Vildagliptien

Vildagliptien, ‘n lid van die ‘islet’ versterker klas, is ‘n potente en selektiewe dipeptidiel-peptidase-4 (DPP-4) inhibeerder wat glisemiese kontrole verbeter.

Die toediening van vildagliptien het tot gevolg ‘n inhibisie van DPP-4 aktiwiteit. In pasiënte met tipe 2 diabetes, toediening van vildagliptien het tot gevolg die inhibisie van DPP-4 ensiem aktiwiteit vir ‘n 24-uur periode. Vildagliptien inhibisie van DPP-4 het tot gevolg in verhoogde vas en postprandiale endogene vlakke van die inkretin hormone GLP-1 (glukagon-tipe peptied 1) en GIP (glukose-afhanklik insulinotropiese polipeptied.)

Deur die endogene vlakke te verhoog van hierdie inkretin hormone, verhoog vildagliptien die sensitisiteit van beta-selle tot glukose, wat tot gevolg het in verbeterde glukose-afhanklike insulien sekresie. Behandeling met 50 tot 100 mg per dag in pasënte met tipe 2 diabetes verbeter beduidend van beta-sel funksie. Die graad van verbetering in beta-sel funksie is afhanklik van die aanvanklike graad van inkorting; in nie-diabetiese (normale glisemiese) individue, vildagliptien stimuleer nie insulien skresie of verminder glukose vlakke nie.

Deur verhoging van endogene GLP-1 vlakke, verhoog vildagliptien die sensitiwiteit van alfa selle tot glukose, met gevolglik meer glukose toepaslike glukagon sekresie. Die afname in ontoepaslike glukagon gedurende maaltye verswak om die beurt in insulien weerstand.

Die verhoogde toename in die insulien/glukagon ratio gedurende hiperglisemie weens verhoogde inkretin hormoonvlakke het tot gevolg in ‘n afname in vastende en postprandiale hepatiese glukose produksie, met gevolglike afname in glisemie.

Die bekende effek van verhoogde GLP-1 vlakke om gastriese lediging te vertraag is nie waargeneem met vildagliptien behandeling nie. Addisioneel word ‘n afname in postprandiale lipemie wat nie geassosieer word met vildagliptien se inkretin gemedieerde effek van verbetering ‘islet’ funksie te verbeter nie, waargeneem.

Metformienhidrochloried

Metformienhidrochloried verbeter glukose toleransie in pasiënte met tipe 2 diabetes, met verlaging van beide basale en postprandiale plasma-glukose. Metformienhidrochloried verminder hepatiese glukose produksie; verminder intestinale absorpsie van glukose en verbeter insulien sensitiwiteit deur verhoging van perifêre glukose opname en benutting. Met metformienhidrochloried terapie bly insulien sekresie onveranderd terwyl vastende insulienvlakke en dag-lank plasma-insulien respons kan afneem.

Metformienhidrochloried stimuleer intrasellulêre glikogeen sintese deur werking op glikogeen sintese en verhoog die transport kapasiteit van spesifieke tipes van membraan glukose transporters (GLUT-1 en GLUT-4).

In die mens, het onafhanklik van sy werking op glisemie, metformienhidrochloried gunstige effekte gehad op lipied metabolisme. Dit word gewys by terapeutiese doserings in gekontrolleerde, medium-termyn of lang-termyn kliniese studies: metformienhidrochloried verminder totale cholesterol, LDL en trigliseriedvlakke.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie

In die bio-ekwivalente studies van vildagliptien/metformienhidrochloried by twee dosering sterktes (50 mg/850 mg en 50 mg/1 000 mg), versus vry kombinasie van vildagliptien en metformienhidrochloried tablette by die ooreenstemmende doserings, het die area onder die kurwe (AOK) en maksimum konsentrasie (Cmaks) van beide die vildagliptien komponent en die metformienhidrochloried komponent van die vildagliptien/metformienhidrochloried tablette gedemonstreer om bio-ekwivalent te wees aan die van vry kombinasie tablette.

Voedsel beïnvloed nie die omvang en tempo van absorpsie van vildagliptien van vildagliptien/metformienhidrochloried tablette nie. Die Cmaks en AOK van die metformienhidrochloried komponent van vildagliptien/metformienhidrochloried was verminder met 26 % en 7 % respektiewelik wanneer toegedien word met voedsel. Die absorpsie van metformienhidrochloried was ook vertraag soos gereflekteer deur die Tmaks (2, 0 tot 4, 0 uur) wanneer toegedien word met voedsel. Hierdie veranderinge in Cmaks en AOK is konsekwent maar laer as die wat waargeneem word wanneer metformienhidrochloried toegedien was alleen onder gevoede toestande. Die effekte van voedsel op die farmakokinetika van beide die vildagliptien komponent en metformienhidrochloried komponent van vildagliptien/metformienhidrochloried tablette was soortgelyk aan die farmakokinetika van vildagliptien en metformienhidrochloried wanneer toegedien word alleen met voedsel.

Vildagliptien

Na orale toediening in die vastende staat, word vildagliptien goed geabsorbeer met piek plasma-konsentrasies waargeneem by 1,75 uur. Meegaande toediening met voedsel het die tempo van absorpsie van vildagliptien effens verminder, soos gekenmerk deur ~~'n 19 % afname~~ in piek konsentraties en 'n vertraging in die tyd van piek plasma-konsentrasie tot 2,5 uur. Daar is geen verandering in die omvang van absorpsie nie en voedsel verander nie die algehele blootstelling nie (AOK).

Metformienhidrochloried

Die absolute biobeskikbaarheid van 'n 500 mg metformienhidrochloried tablet toegedien onder vastende toestande is ongeveer 50 tot 60 %. Studies met gebruik van enkel orale doserings van metformienhidrochloried tablette 500 mg tot 1 500 mg, en 850 mg tot 2 550 mg, dui daarop dat daar 'n gebrek is aan dosis proporsionaliteit met verhoging in doserings, wat kan wees weens afname in absorpsie eerder as aan verandering aan eliminasie. Voedsel verminder die omvang van en vertraag effens die absorpsie van metformienhidrochloried, soos gewys deur 'n ongeveer 40 % laer gemiddelde piek plasma-konsentrasie (Cmaks), 'n 25 % laer area onder die plasma-konsentrasie versus tyd kurwe (AOK) en 'n 35 minute verlenging van tyd tot piek plasma-konsentrasie (Tmaks) na toediening van 'n enkel 850 mg tablet van metformienhidrochloried met voedsel, wanneer vergelyk word met dieselfde tablet sterkte toegedien onder vastende toestande. Die kliniese betekenis van hierdie bevinding is onbekend.

Liniêriteit

Vildagliptien word goed geabsorbeer met 'n absolute orale biobeskikbaarheid van

85 %. Piek plasma-konsentrasies vir vildagliptien en die area onder die plasma-konsentrasie versus tyd kurwe (AOK) het toegemeem in ongeveer dosis-proporsionele wyse oor die terapeutiese doseringsomvang.

Distribusie

Vildagliptien

Die plasma-proteïen binding van vildagliptien is laag (9,3 %); en vildagliptien versprei gelykop tussen plasma en rooi bloodselle. Die gemiddelde volume van distribusie van vildagliptien by stabiele staat na intraveneuse toediening (Vss) is 71 L, wat ekstravaskulêre distribusie suggereer.

Metformienhidrochloried

Die klaarblyklike volume van distribusie (V/F) van metformienhidrochloried na enkel orale doserings van 850 mg was gemiddeld 654 ± 358 L. Metformienhidrochloried is onbeduidend gebonde aan plasma-proteïene, in teenstelling tot sulfonielureums, wat meer as 90 % aan proteïen gebonde is. Metformienhidrochloried verdeel in ertrosiete en dit is waarskynlik as gevolg van tyd. By gewone kliniese doserings en dosering-skedules van metformienhidrochloried, word stabiele staat plasma-konsentrasies van metformienhidrochloried bereik binne 24 tot 48 uur en is gewoonlik < 1 µg/mL. Gedurende gekontrolleerde kliniese studies van metformienhidrochloried, het maksimum metformienhidrochloried plasmavlakke nie 5 µg/mL oorskry nie, selfs by maksimum doserings.

Metabolisme

Vildagliptien

Metabolisme is die hoof eliminasie baan vir vildagliptien in die mens, verantwoordelik vir 69 % van die dosis. Die hoof metaboliet, LAY151, is farmakologies onaktief en is die hidrolise produk van die siano moïeteit, verantwoordelik vir 57 % van die dosis, gevolg deur die amied hidrolise produk (4 % van die dosis). DPP-4 dra gedeeltelik by tot die hidrolise van vildagliptien soos getoon in 'n *in vivo* studie met gebruik van DPP-4 tekort rotte. Vildagliptien word nie gemetaboliseer deur sitochroom P450 ensieme tot enige bepaalde omvang nie. *In vitro* studies het gedemonstreer dat vildagliptien nie sitochroom P450 ensieme inhibeer of induseer nie.

Metformienhidrochloried

Metformien word onveranderd uitgeskei in die uriene. Geen metaboliete was geïdentifiseer in die mens nie.

Ekskresie en eliminasie

Vildagliptien

Na orale toediening van [14C]-vildagliptien, word ongeveer 85 % van die dosis uitgeskei in die uriene en 15 % van die dosis herwin in die fesies. Renale uitskeiding van die onveranderde vildagliptien verteenwoordig 23 % van die dosis na orale toediening. Na 'n intraveneuse toediening aan gesonde persone, is die totale plasma- en renale opruimings van vildagliptien 41 liters/uur en 13 liters/uur, respektiewelik. Die gemiddelde eliminasie halfleeftyd na intraveneuse toediening is ongeveer 2 uur. Die eliminasie halfleeftyd na orale toediening is ongeveer 3 uur en is onafhanklik van die dose.

Metformienhidrochloried

Intraveneuse enkel-dosis studies in normale persone demonstreer dat metformienhidrochloried onveranderd uitgeskei word in die uriene en ondergaan nie hepatiese metabolisme nie (geen metaboliete was geïdentifiseer in die mens nie) nòg bilière ekskresie. Renale opruiming is ongeveer 3,5 keer groter as kreatinien-opruiming, wat daarop dui dat tubulêre sekresie die hoof roete van eliminasie is. Na ‘n orale dosering, word ongeveer 90 % van die geabsorbeerde medisyne uitgeskei via die renale roete binne die eerste 24 uur, met ‘n plasma-eliminasie half-leeftyd van ongeveer 6,2 uur. In bloed is die eliminasie halfleeftyd ongeveer 17,6 uur, wat suggereer dat die eritrosiet-massa ‘n kompartement van distribusie kan wees.

Spesiale Bevolkings

Obesiteit

Vildagliptien

BMI wys nie enige impak op die farmakokinetiese parameters of vildagliptien nie. DPP-4 inhibisie deur vildagliptien was nie beinvloed deur BMI nie.

Hepatiese inkorting

Vildagliptien

Die effek van ingekorte hepatiese funksie op die farmakokinetika van vildagliptien was bestudeer in pasiënte met ligte, matige en ernstige hepatiese inkorting gebaseer op die Child-Pugh tellings (wat gevarieër het vanaf 6 vir ligte tot 12 vir ernstige) in vergelyking tot persone met normale hepatiese funksie. Die blootstelling tot vildagliptien (100 mg) na ‘n enkel dosis in persone met ligte en matige hepatiese

inkorting was verminder (20 % en 8 %, respektiewelik), terwyl die blootstelling aan vildagliptien vir persone met ernstige inkorting toegeneem het met 22 %. Die maksimum verandering (toename of afname) in die blootstelling aan vildagliptien is ~30 %, wat nie oorweeg word om klinies relevant te wees nie. Daar was geen korrelasie tussen die erns van hepatiese funksie inkorting en veranderinge in blootstelling aan vildagliptien nie.

Die gebruik van vildagliptien word nie aanbeveel in pasiënte met hepatiese inkorting nie, insluitend pasiënte met ‘n voorbehandeling ALT of AST > 2,5 x die BLN (boonste limiet van normaal).

Metformienhidrochloried

Geen farmakokinetiese studies van metformienhidrochloried is gedoen in pasiënte met hepatiese inkorting nie.

Nierinkorting

Vildagliptien

Vildagliptien AOK verhoog gemiddeld 1.4, 1.7 en 2 -voudig in pasiënte met ligte, matige en ernstige nierinkorting, respektiewelik, wanneer vergelyk tot normale pasiënte. AOK van die metaboliete LAY151 het verhoog 1.6, 3.2 en 7.3 -voudig en die van BQS867 het verhoog 1.4, 2.7 en 7.3 -voudig in pasiënte met ligte, matige en ernstige nierinkorting, respektiewelik, wanneer vergelyk word met gesonde vrywilligers. Beperkte data van pasiënte met end-stadium niersiekte (ESRD) dui daarop dat vildagliptien blootstelling soortgelyk is as die in pasiënte met ernstige

nierinkorting. LAY151 konsentrasies in ESRD pasiënte was ongeveer 2-3-voudig hoër as in pasiënte met ernstige nierinkorting.

Vildagliptien was verwyder deur hemodialise tot ‘n beperkte omvang (3 % oor ‘n 3 - 4 uur hemodialise sessie met aanvang van 4 uur na dosering).

Metformienhidrochloried

In pasiënte met verminderde nierfuksie (gebaseer op afgemete kreatinienopruiming), was die plasma- en bloed halfleeftyd van metformienhidrochloried verleng en die nieropruiming verminder proporsioneel tot die afname in kreatinienopruiming.

Bejaardes

Vildagliptien

In andersins gesonde bejaarde persone (≥ 70 jaar), het die algehele blootstelling tot vildagliptien (100 mg een keer per dag) verhoog met 32 % met ‘n 18 % verhoging in piek plasma-konsentrasie wanneer vergelyk met jonger gesonde persone (18 tot 40 jaar). Hierdie veranderinge word nie oorweeg om klinies relevant te wees nie. Die DPP-4 inhibisie deur vildagliptien word nie beïnvloed deur ouderdom in die ouderdomsgroepe bestudeer nie.

Metformienhidrochloried

Beperkte data van gekontrolleerde farmakokinetiese studies van metformienhidrochloried in gesonde bejaarde persone suggereer dat totale plasma-opruiming van metformienhidrochloried verminder word, die halfleeftyd is verleng en Cmaks word verhoog, wanneer vergelyk word met gesonde jong persone. Uit hierdie

data blyk dit dat die verandering in metformienhidrochloried farmakokinetika met veroudering primêr verantwoordelik was vir ‘n verandering in nierfunksie.

VILDAMET behandeling moet nie begin word in pasiënte van 80 jaar oud nie, tensy metings van kreatinien-opruiming demonstreer dat nierfunksie nie verminder word nie.

Pediatries

Geen farmakokinetiese data is beskikbaar nie.

6 Farmaseutiese besonderhede

6.1 Lys van eksipiënte

Etanol, Hidroksipropielsellulose, Mikrokristallynsellulose (PH-101 en PH-102), magnesiumstearaat, Opadry AMB II Geel (kleurstof) en Povidoon K90.

Opadry AMB II Geel bestanddele: Gliserol van FA, Ysteroksied geel, Poliviniel alkohol (gehidroliseer), natriumlourielsulfaat, talk en titaniumdioksied.

6.2 Onverenigbaarhede

Nie van toepassing nie

6.3 Rakleeftyd

24 maande

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Berg by of benede 30 °C. Hou dig toe.

Bêre in die oorspronklike verpakking en beskerm teen vog en lig.

Hou buite die bereik van kinders.

6.5 Aard en inhoud van houer

VILDAMET filmbedekte tablette is beskikbaar in ‘n Alu-Alu stolp pak van 10 tablette wat verpak word in ‘n gedrukte karton grootte 3 x 10 saam met die voubiljet in die gedrukte karton.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir weggooi en ander hantering

Enige ongebruikte medisyne of afvalmateriaal moet weggegooi word volgens plaaslike vereistes.

7 Houer van sertifikaat van registrasie

Innovata Pharmaceuticals (Pty) Ltd

Crownwood Office Park

100 Northern Parkway

Ormonde

Johannesburg

2091

Suid-Afrika

8 Registrasienommers

VILDAMET 50/850: 59/21.2/0253

VILDAMET 50/1000: 59/21.2/0254

9 Datum van eerste goedkeuring/Hernuwing van die goedkeuring

TBI

10 Datum van revisie van die teks

TBI